SURENDRA BHANA
*Indentured Indian emigrants to Natal, 1860-1902: a study based on ship's lists*
Nieu-Delhi: Promilla & Kie.
1991
157 pp.
$20 (V.S.A.)
ISBN 81-85002-21-5

Die skrywer, gebore in Indië, het saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmmigreer en later hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Durban-Westville geword, waar hy tot 1987 werksaam was. Hy is sedertdien verbonde aan die Universiteit van Kansas in die Verenigde State van Amerika. Publikasies van hom oor die Indiër-kontrakarbeiders in Natal het reeds van tyd tot tyd verskyn.

Die omvattende gegewens wat die skrywer oor die ouderdom, kaste en herkoms van die Indiëremigrante na Natal verstrek (kyk tabelle 7 en 8 op pp. 26-29, 13 en 14 op pp. 52-54 en tabelle 15-18 op pp. 72-74 en 79-81), sal seker nuttig deur navorsers gebruik kan word. Die gegewens wat in tabelle 1 en 2 van hoofstuk een verstrek word met betrekking tot die aantal kontrakarbeiders wat na Natal gekom het, is, afgesien van die skeepslyste, ook in ander bronne beskikbaar, soos koerantverslae oor skepe en in die verslae van die Beskermer van Immigrante aan die Natalse regering vanaf 1874.

Dat die kastestelsel 'n probleem skep, blyk uit die volgende verduideliking van die skrywer: "I found no reference to Ediya (see table 15), but I wonder if it is the same as Idayan and Yadava". In teenstelling met die vier persent Brahmane wat onder die vroeë kontrakarbeiders (1860-1877) voorgekom het, was daar feitlik geen Brahmane onder die latere kontrakarbeiders wat van 1890 tot 1902 na Natal gekom het nie.

In hoofstuk twee word die werwingstelsel in Indië te veel in die algemeen behandel en word dit nie spesifiek met Natal se werwingspogings in verband gebring nie. In enkele gevalle waar wel na Natal verwys word, is die gegewens nie altyd korrek nie, soos op p. 15 in verband met die gebruik van stoomskepe vir die vervoer van kontrakarbeiders in 1857, want Natal het nog nie in daardie jaar kontrakarbeiders ontvang nie. Op dieselfde bladsy word verwys na 'n boekie, gedateer 1855, wat instruksies aan skeepsdokters bevat, dit wil sê nog voordat kontrakarbeiders na Natal gekom het, terwyl daar onder die stukke van die argief van die Beskermer van Immigrante wel 'n instruksieboekie, gedateer 1877, voorkom wat werklik ten opsigte van Natalse kontrakarbeiders gebruik is en waarvan die skrywer geen melding maak nie (kyk II, 11/1/10-11, 1130/1882, Instructions to Medical Officers and Commanders of Vessels Conveying Emigrants from Madras to Natal, 1877). Die duur van die seereis van Indië na Natal (84 dae) waarna die skrywer ook op p. 15 verwys, is oordrewe lank. Die eerste skip (*Truro*) wat op 16 November 1860 in Natal aangekom het, het op 12 Oktober 1860 van Madras vertrek, terwyl die tweede skip (*Belvedere*) wat op 4 Oktober 1860 van Kalkutta vertrek het, op 26 November 1860 in Natal aangekom het, albei seereise dus heelwat minder as 84 dae. Die duur van die seereis van Indië na Natal van die begin tot die einde van die tweede emigrasieperiode het feitlik met die helfte verminder, van gemiddeld sowat 40 dae tot minder as 26 dae.

Die skrywer het vir sy hoofstuk drie feitlik geheel en al geput uit inligting van die *Imperial Gazetten of India: The Indian Empire*, blykbaar in 1901 uitgegee, ofskoon sowel die voetnote as die bronnelys geen melding van die publikasiedatum maak nie.

Die eerste deel van hoofstuk vier oor die Britse ekonomiese beleid ten opsigte van Indië (kyk pp. 61-65) berus op sekondêre bronne. Daar is nie 'n enkele verwysing na die Argief van die Britse Koloniale Kantoor nie.

So ook berus hoofstuk vyf hoofsaaklik op inligting wat uit sekondêre bronne verkry is ten opsigte van waar kontrakarbeiders gewerk en wat hul werk behels het. Die skrywer gee toe dat hy slegs twaalf van die 450 bande van die argief van die Beskermer van Indiërimmigrante nagevors het om vas te stel waar al die kontrakarbeiders werksaam was. Hy erken dat 'n deegliker studie van die argivale bronne noodsaaklik is. (kyk pp. 84-90).

In dieselfde hoofstuk verwys die skrywer op p. 89 na die boere van die Natalse binneland wat algaande meer van Indiër-kontrakarbeiders gebruik gemaak het, ofskoon hul aanvanklik daarteen gekant was. Dit is 'n misleidende stelling wat die posisie van die binnelandse boere van Natal nie korrek vertolk nie, aangesien die skrywer nie die rede vir hierdie veranderde houding gee nie, naamlik dat die binnelandse boere in elk geval in die vorm van belasting verplig was om by te dra tot die subsidiëring van die kontrakarbeiders en hulle gevolglik ook maar net soveel van die arbeid gebruik kon maak, al was hulle in beginsel teen die skema gekant.

Wat die beskrywing van die suikerplantasies in hoofstuk vyf betref, het die skrywer hom feitlik alleen op Osborne se *Valiant harvest* verlaat (kyk pp. 97-105). Aangesien daar geen voetnootverwysings op p. 106 voorkom nie, is die skrywer se standpunt nie op daardie bladsy dokumentêr gestaaf nie.

Die skrywer se standpunt oor die behandeling van Indiër-kontrakarbeiders op die suikerplantasies berus ook op sekondêre bronne, naamlik M.J. Swan se artikel in *Essays on indentured Indians in Natal* (1990) en M. Tayal se artikel in *Indian Economic and Social Review* (1978) (kyk p. 107, voetnoot 28). Die inligting in twee artikels is nie voldoende om die skrywer se standpunt oor so 'n belangrike onderwerp te regverdig nie. In elk geval, die resensent se eie gevolgtrekkings wat op argivaliese bronne gegrond is, verskil van dié van die skrywer (kyk *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1971, deel II, pp. 177-194).

Met betrekking tot die gesondheidstoestande op die suikerplantasies, het die skrywer slegs vyf argivaliese verwysings, een vir 1904 en vier vir 1907, wat daarop dui dat sy ondersoek nie intensief was nie. Ten opsigte van die sanitêre gewoontes van die kontrakarbeiders, het die skrywer nie rekening gehou nie met die feit dat die kontrakarbeiders reeds voor hulle vertrek na Natal in Indië gewoond was aan sekere onhigiëniese gebruike wat hulle in Natal voortgesit het, afgesien daarvan of

daar voldoende sanitêre voorsiening op die plantasies was of nie. Die skrywer ignoreer ook die moontlikheid dat siektes onder die kontrakarbeiders van Indië na Natal oorgebring is.

Die skrywer, wat 'n spesiale studie oor selfmoord onder die kontrakarbeiders in Natal gemaak het (kyk sy artikel in *Essays on indentured Indians in Natal,* pp. 137-188), grond sy standpunt op daardie werk, maar in hoeverre daardie werk op omvattende navorsing berus, gegrond op argivaliese bronne, is vir my onbekend.

In die skrywer se laaste hoofstuk (6) is die gedeeltes wat oor die rekenaarafdrukke van die gegewens in die skeepslyste handel, van besondere waarde omdat dit op 'n primêre bron gegrond is, maar die betekenis van sy gevolgtrekkings wat op sekondêre bronne berus, hang af van die geloofwaardigheid van die betrokke sekondêre bronne. Ofskoon die skrywer in die opskrif van sy boek aandui dat sy werk op 'n studie van die skeepslyste gegrond is, is die grootste gedeelte van die boek egter op gegewens uit sekondêre bronne gebaseer (vergelyk die voetnootverwysings in die laaste vyf hoofstukke).

C.J. BEYERS
*Pretoria*